Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2023

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, insluitend 'n formuleblad en 'n 8 bladsy-antwoordeboek.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Rekeningkundige vergelyking en Vaste bate-nota	20	15
2	Staat van Omvattende Inkomste	45	40
3	Staat van Finansiële Posisie en Notas tot Finansiële State	50	40
4	Finansiële aanwysers en Vertolking van Finansiële State	35	25
	TOTAAL	**150**	**120**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING EN VASTE BATE-NOTA

(20 punte; 15 minute)

1.1 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

GEVRA:

Voltooi die tabel wat verskaf word om die effek op die rekeningkundige vergelyking vir die transaksies hieronder gelys aan te dui. Volg die voorbeeld wat verskaf word. (8)

LET WEL: Neem aan dat die banksaldo ongunstig is en die deurlopende voorraadstelsel in gebruik is vir alle transaksies.

Voorbeeld: Koop handelsvoorraad op krediet.

1.1.1 Die rekening van 'n debiteur wat nie opgespoor kon word nie, moet as oninbaar afgeskryf word.

1.1.2 Belas die agterstallige rekening van 'n debiteur met rente.

1.1.3 'n Vennoot, M Stick, het skryfbehoeftes uit die kantoor vir eie gebruik geneem.

1.1.4 Die kredietsaldo van 'n debiteur moet na sy rekening in die krediteuregrootboek oorgeplaas word.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.2 VASTE (TASBARE) BATES

Die inligting het betrekking op SANDI BROERS vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur **(i)** tot **(iii)** op die Vaste Bate-nota. (12)

INLIGTING:

A. Nota tot die Staat van Finansiële Posisie:

VASTE BATES	GEBOUE	VOERTUIE	TOERUSTING
Drawaarde (1 Maart 2022)		1 190 000	360 000
Kosprys	**(i)**	1 950 000	970 000
Opgehoopte waardevermindering	0	(760 000)	(610 000)
Bewegings			
Byvoegings	500 000	0	270 000
Vervreemdings	0	**(ii)**	0
Waardevermindering	0	(270 000)	**(iii)**
Drawaarde (28 Feb. 2023)			
Kosprys	6 150 000		
Opgehoopte waardevermindering			

B. Addisionele Inligting

- Waardevermindering word soos volg bereken:
  Toerusting – 10% p.j. op drawaarde.
  Voertuie – 15% p.j. op kosprys.
- Gedurende die finansiële jaar is uitbreidings aan die geboue voltooi.
- ŉ Ou voertuig, kosprys R300 000, is teen drawaarde op 31 Augustus 2022 verkoop. Die opgehoopte waardevermindering op die voertuig was R240 000 op 1 Maart 2022.
- Nuwe toerusting is op 1 November 2022 aangekoop.

20

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (45 punte; 40 minute)

2.1 Kies 'n AARP-beginsel uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 Inkomste en uitgawes moet in die huidige finansiële jaar aangeteken word	A Wesenlikheid
2.1.2 Sake van die eienaar van 'n besigheid moet apart van die rekords van die besigheid gehou word	B Besigheids-entiteit
2.1.3 Finansiële inligting relevant tot 'n leser van finansiële state moet afsonderlik geopenbaar word	C Paring
2.1.4 Die aanname dat die besigheid in die toekoms sal voortgaan	D Omsigtigheid
	E Lopende saak

(4 x 1) (4)

2.2 **GOVEA HANDELAARS**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. (41)

LET WEL: Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingeskryf.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2023

Kapitaal: Govner	595 750
Kapitaal: Veaner	595 750
Handelsvoorraad	242 650
Debiteurekontrole	168 250
Voorsiening vir oninbare skulde	10 150
Krediteurekontrole	225 600
Verkope	5 701 320
Koste van verkope	3 563 350
Huur inkomste	82 100
Verbruiksgoedere	41 450
Rente op vaste deposito	53 250
Rente op agterstallige rekening van debiteure	4 250
Rente op lening	?
Versekering	43 150
Salarisse en lone (insluitend werkgewersbydrae)	896 250
Oninbare skulde	8 990
Oninbare skulde verhaal	1 890

B. Die volgende aansuiwerings is nie deur die boekhouer in ag geneem nie:

(i) Beskadigde goedere met 'n kosprys van R3 500 is teen 'n winsopslag van 50% op kosprys verkoop.

(ii) Voorraad ter waarde van R17 400 is tydens 'n inbraak op 15 Februarie 2023 gesteel. Die versekeringsmaatskappy het ingestem om 80% van die voorraadwaarde in Maart 2023 te betaal.

(iii) Voorraadopnames op 28 Februarie 2023 het die volgende aan die lig gebring:

- Handelsvoorraad, R214 500
- Verbruiksgoedere gedurende die finansiële jaar gebruik, R35 350.

(iv) 'n Debiteur wie se rekening as oninbaar afgeskryf is, het die bedrag van R810 betaal. Dit is verkeerdelik in die oninbare skuldrekening gekrediteer.

(v) Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot R8 150 verminder word.

(vi) Versekering sluit 'n premie van R4 950 in vir die tydperk 1 Januarie 2023 tot 30 Junie 2023.

(vii) Huur inkomste sluit die huur vir Maart 2023 in.
LET WEL: Huur is verhoog met R250 op 1 Oktober 2022.

(viii) Een werknemer is verkeerdelik uit die salarisjoernaal weggelaat. Die besonderhede van sy salaris is soos volg:

Netto salaris	Totale aftrekkings	Bydraes
R24 500	30% van bruto salaris	R3 850

(ix) Diverse uitgawes is die balanserende syfer.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS TOT FINANSIËLE STATE **(50 punte; 40 minute)**

Vennote H. Hockey en T. Tennis is eienaars van die besigheid Ball Sport Traders.
Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

3.1 Bereken die rente op kapitaal van Vennoot Hockey. (4)

3.2 Voltooi die Privaatrekening-nota op 28 Februarie 2023. (17)

3.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2023. (29)

LET WEL: Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingeskryf.

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die rekords op 28 Februarie 2023

Kapitaal: Hockey	R 1 680 000
Kapitaal: Tennis	1 120 000
Privaatrekening: Hockey Dr)	32 670
Privaatrekening: Tennis (Kr)	58 030
Onttrekkings: Hockey	623 150
Onttrekkings: Tennis	563 250
Verbandlening	?
SAID (LBS)	75 330
Vaste bates teen drawaarde	?
Vaste deposito: Gold bank	582 000
Voorraad	286 400
Debiteurekontrole	204 600
Voorsiening vir oninbare skulde	10 230
Bank (Kr)	101 500
Wisselgeld	20 200
Pensioenfonds	75 330
Vooruitbetaalde uitgawes	62 420
Opgelope uitgawes	32 700
Krediteurekontrole	763 860
Wins en verlies	1 490 120

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. Die vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:

(i) Vennote het ’n jaarlikse salaris van R480 000 ontvang. Die werklading van T. Tennis is egter vanaf 1 Januarie 2023 verminder en daarom is sy salaris met R15 000 p.m., vanaf daardie datum verminder.

(ii) Vennoot Hockey is geregtig op ’n bonus van 80% van sy maandelikse salaris.

(iii) Rente op kapitaal moet teen 12% p.j. bereken word.

Let daarop dat Vennoot Hockey sy kapitaalbydrae verhoog het met R200 000 op 1 September 2022. Hierdie transaksie is gedurende die jaar aangeteken.

(iv) Die oorblywende wins / verlies moet gelykop tussen die vennote verdeel word.

C. Onttrekkings:

Vennoot Hockey het handelsvoorraad vir sy eie gebruik geneem. Die kosprys van hierdie goedere was R3 500 maar is aangeteken as R5 300. Dit moet reggestel word.

D. Addisionele Inligting:

(i) 20% van die vaste deposito verval op 30 Junie 2023.

(ii) Die leningstaat wat op 28 Februarie 2023 ontvang is, het die volgende aangedui:

Openingsalsdo aan die begin van die jaar	R 710 500
Rente gekapitaliseer gedurende die jaar	78 200
Terugbetalings, insluitend rente, gedurende die jaar	178 900
Eindsaldo aan die einde van die jaar	?

Die onderneming beplan om 15% van die leningsaldo oor die volgende finansiële jaar af te betaal.

E. Vaste bates teen drawaarde is die balanseerende syfer.

50

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE **(35 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van die inligting van Yoyo Vennote vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2023:

- % Bedryfsuitgawes op verkope (2)
- Vuurproefverhouding (4)
- Skuld-ekwiteitverhouding (3)
- % Opbrengs op gemiddelde vennote (eienaars-) ekwiteit (5)

LET WEL: Verskaf syfers, tendense, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval, om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

4.2 Verduidelik of die besigheid sy uitgawes doeltreffend bestuur. Identifiseer TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om jou verduideliking te ondersteun. (6)

4.3 Vennoot Yozo is bekommerd oor die likiditeitsposisie. Verduidelik of hy geregverdig is of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers. (6)

4.4 Die vennote het die maandelikse paaiemente op die lening verhoog. Verduidelik die effek hiervan op die finansiële risiko van die onderneming. Haal EEN finansiële aanwyser aan met syfers ter ondersteuning van jou verduideliking. (4)

4.5 Verduidelik of die vennote tevrede moet wees met die % opbrengs wat deur hul belegging in hierdie vennootskap verdien word. Haal EEN finansiële aanwyser aan, met syfers. (5)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie:

	2023	2022
Verkope	3 380 400	2 670 000
Bruto wins	1 352 160	1 201 500
Bedryfsuitgawes	845 100	774 300
Netto wins vir die jaar	591 570	347 100

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie:

	2023	2022
Bedryfsbates	557 800	656 480
Voorraad (slegs handelsvoorraad)	231 800	350 600
Handels- en ander ontvangbares	183 400	142 600
Kontant en kontantekwivalente	142 600	163 280
Vennote se Ekwiteit	2 176 210	1 945 920
Kapitaal: Yoza	1 520 000	1 100 000
Kapitaal: Yoga	600 000	800 000
Privaatrekening: Yoza	36 010	20 000
Privaatrekening: Yoga	20 200	25 920
Lening: Komani bank	1 300 200	1 500 000
Bedryfslaste	278 900	410 300

C. Finansiële aanwysers bereken op 28 Februarie:

	2023	2022
% bruto wins op verkope	40%	45%
% bedryfsuitgawes op verkope	?	29%
% Netto wins op verkope	17,5%	13%
Bedryfsverhouding	2 : 1	1,6 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,7 : 1
Debiteure-invorderingperiode	29 dae	36 dae
Skuld-ekwiteitverhouding	?	0.7 : 1
% Opbrengs op vennote (eienaars) ekwiteit	?	17,8%

D. Addisionele Inligting:

Rente op lening	11%	11%
Rente op vaste deposito	8%	8%

35

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE ANWYSERS		
$\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Nettowins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates **:** Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Langtermynlenings **:** Eienaarsbelang	Totale bates **:** Totale laste	

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore